

Voortrekwaens In Stofwolk

GEESDRIF EGTER NIE GEDEMP

(Van ons Spesiale Korrespondent)

PEARSTON, 23 Sept. — Die stof-
duiwel het gister hier verjaardag ge-
vier. Dit was 'n alleronangenaam-
ste dag en die andersins so netjies
gekleed nooientjies in hul wit Voor-
trekkertabberds was gister almal 'n
rooibruin. Die mans se baadjies het
'n dik laag stof op gehad en die
gesigte — nouja, 'n bejaarde gesig
was nooit bestem vir 'n dag soos
gister nie. Die stof was soms so dik
dat dit die skare byna onsigbaar
gemaak het. Maar die belangstel-
ling in die ossewaens was sterker as
die stofwolke. Mnr. Klopper het nie
oordryf toe hy gisteraand in sy toe-
spraak gesê het dat hy seker 'n
graaf vol stof in sy maag het nie.

Daar is gister vyf kindertjies ge-
doop. Die plegtigheid kon egter nie
by die waens plaasvind nie — die
weer was te ontstuimig en boonop
was een van die kleingoed siek.

Die aand se verrigtinge was uiters
angenaam. In die eerste plek was
die wind stil en 'n paar ligte buie
reën het geval, maar die vure het
heerlik gebrand. En net so min as
wat die reën iets aan die vure kon
doen, net so min het die mense hulle
daaraan gesteur. Mnr. Dirk Mostert
het van Oudtshoorn oorgekom om
die rede van die aand te lewer. Sy
uitleg van A.T.K.V. is „Afrikaner-
dom, toekomstig, kragtig en ver-
enig.”